# Drie Riviere Rynvaart-toer

## met Keukenhof se Tulpe-skouspel

## 1-13 April 2025

Kom saam op ons dertien-dae ***Drie Riviere Rynvaart-toer*** met die ***MS Navibelle Princess***. Alle etes en vele meer is ingesluit. Pak net een keer uit en in op ons luukse bootvaart! Een van die hoogtepunte is 'n besoek aan die jaarlikse Keukenhof tulpe-skouspel. Die spesiale groepstarief beloop **R48 990** per persoon en dit sluit vyf landekskursies ter waarde van R5 900 in.

### Reisplan

**Dag 1: Dinsdag, 1 April** **KAAPSTAD /JOHANNESBURG →**

Die groot dag breek uiteindelik aan! Ons vertrek vroegaand vanaf Kaapstad en Johannesburg na ***Europa***. Oornag aanboord na aandete.

**Dag 2: Woensdag, 2 April** **AMSTERDAM**

Nadat ons in **Amsterdam** geland het, reis ons per bus na die ***MS Navibelle Princess***. Die kaptein en bemanning verwelkom ons aanboord met iets te drinke. Daarna het ons vrye tyd om Amsterdam te verken. Vanaand sit ons aan vir 'n spesiale verwelkomings-aandete.



***Ons gaan aanboord die MS Navibelle Princess vir ons elf dae Rynvaart!***

**Dag 3: Donderdag, 3 April** **AMSTERDAM → KEUKENHOF → AMSTERDAM →**

Na 'n heerlike ontbyt vertrek ons per bus na **Keukenhof** (toegangsgelde ingesluit), ongeveer 35 km vanaf Amsterdam geleë. Ons het 'n paar ure tyd om die tulpe-skouspel te geniet voordat ons terugkeer na ons boot.

**13:00** Ons boot vertrek vanaf Amsterdam en ons Rynvaart begin amptelik! Sit terug in jou kajuit, die gesellige sitkamer, of op die bodek en geniet die landskaptonele waarby ons verbyvaar.





**Dag 4: Vrydag, 4 April** **→ KEULEN →**

**12:00** Ons boot arriveer in **Keulen**, Duitsland.

**13:00** Ons vertrek per bus vir ons staptoer van hierdie pragtige stad saam met 'n plaaslike Engelssprekende toergids (*one Kölsch beer per person included!)*. 'n Hoogtepunt is die Domkerk, wat die hoogste tweetoringkerk in die wêreld is. Hier is ook 'n geleentheid om 'n bottel "*4711*", die oorspronklike *eau de cologne*, te koop!

**23:00** Ons boot vertrek vanaf Keulen.

**<u>Dag 5: Saterdag, 5 April</u>** **→ RÜDESHEIM →**
Na ontbyt breek een van die hoogtepunte van ons toer aan:

> *A highlight this morning after breakfast: cruise through the dramatic RHINE GORGE, the most beautiful stretch of the river. Here, ancient castles stand sentry on lofty cliffs rising 400 feet above the waters. Cruise past the legendary rock of* ***Lorelei****, where echoes of enchanted siren song lured unwitting sailors to their doom.*

**11:30** Vaar verby die Lorelei-rots en bewonder die talle sprokieskastele teen die hange van die Ryn!
**14:00** Ons boot arriveer in Rüdesheim en ons het vrye tyd om die stad te voet te verken.

> ***Rüdesheim*** *is a typical Rhine Valley wine town. Pick up some souvenirs on the narrow, cobblestoned Drösselgasse, where colorful flowers, open-air wine gardens, and live music add to the festive atmosphere.*

**23:00** Ons boot vertrek vanaf Rüdesheim.



***Rhine river bend by the Lorelei cliff***




***Verken Rüdesheim se interessante straatjies***

**<u>Dag 6: Sondag, 6 April</u>** **→ MAINZ → FRANKFURT → MAINZ →**
**07:00** Ons arriveer in Mainz en het vrye tyd om die outentieke ou stad te verken.

> *Strategically located at the confluence of the Rhine and Main Rivers is the city of* ***Mainz****, with "civilized" origins dating back to around 38 BC. The Altstadt (Old Town) has many intriguing shops and the whimsical Fastnachtsbrunnen (Carnival Fountain) on the Schillerplatz. Gutenberg, the father of modern printing, was born here and there is a chance to visit the captivating Gutenberg Museum.*

**13:00** Opsionele ekskursie per bus met 'n plaaslike toergids na **Frankfurt** teen R1 360 per persoon. Frankfurt is net ongeveer 40 km in 'n noordoostelike rigting van Mainz geleë. Ons sal ook in die hartjie van Frankfurt aandoen by Römerberg, die oudste stadsplein in die stad, met pragtige geboue uit die veertiende eeu. Sien onder andere die mooie ou stadsaal, die Römer, wat dateer uit die vyftiende eeu. Frankfurt is ook die geboorteplek van die bekende digter en skrywer, Goethe.
**13:30** Ons boot vertrek vanaf Mainz en teen ongeveer **19:00** word die toerlede wat die opsionele toer na Frankfurt onderneem het, daar opgelaai.



***Ontdek Mainz se Altstadt***



***Die interessante Wertheim in Duitsland***

**<u>Dag 7: Maandag, 7 April</u>** **→ WERTHEIM →**
**11:00** Ons boot arriveer in **Wertheim** en ons het vrye tyd om die interessante dorp te voet te verken.

> *Wertheim is a town in southwestern Germany, in the state of Baden-Württemberg with a population of around 23,400. It is located on the confluence of the rivers Tauber and Main. Wertheim is best known for its landmark castle and medieval town centre.*

**17:00** Ons boot vertrek vanaf Wertheim.

**<u>Dag 8: Dinsdag, 8 April</u>** **→ WURZBURG →**
**06:30** Ons boot arriveer in **Wurzburg**.
**08:30** Ons vertrek per bus na die *Residence Palace*, waar ons 'n staptoer van dié indrukwekkende paleis meemaak (toegangsgelde ingesluit). Daarna volg 'n stadstoer met 'n plaaslike toergids.
**12:30** Ons boot vertrek verder deur die Duitse platteland.

**Dag 9: Woensdag, 9 April** → **BAMBERG** →

**08:30** Arriveer in **Bamberg**.

Na ontbyt vertrek ons met 'n bus na die middestad vir 'n staptoer met 'n plaaslike toergids.

> *Known for its symphony orchestra and tasty smoked beer (Rauchbier), this medieval city has narrow, winding streets lined with Baroque patrician houses. The old town, the 11th-century cathedral and the Bamberg Reiter statue were declared a World Heritage Site in 1993. The old Town Hall, or Rathaus, sits in the middle of a twin-arched bridge over the river and is a most impressive sight.*

**14:30** Ons boot vertrek vanaf Bamberg.



*Nuremberg se kenmerkende boustyl*



*Passau langs die Donau-rivier*

**Dag 10: Donderdag, 10 April** → **NUREMBERG** →

Terwyl ons slaap, arriveer ons om **01:00** in **Nuremberg,** die tweede grootste stad in Bavaria.

Na ontbyt vertrek ons per bus, met 'n plaaslike toergids, op 'n stadstoer om die hoogtepunte van Nuremberg te sien.

> *Half-timbered houses, cobbled streets and Gothic churches and grand gateways are all part of the architectural heritage of Nuremberg, as is the almost intact 5km city wall with its 80 defensive watchtowers.*
>
> *Peter Henlein invented the world's first pocket watch in Nuremberg in 1510, and the world's first globe was also made here.*

**14:00** Ons boot vertrek verder op die Main-rivier deur die Bavariese woud na die Main-Donau-kanaal. Ons verlaat dan die Main-rivier deur die kanaal om verder op die Donau-rivier te vaar.

**Dag 11: Vrydag, 11 April** → **REGENSBURG** →

**08:00** Ons arriveer in **Regensburg** en het vrye tyd om hierde stad, wat ouer as 2 000 jaar is, te verken.

> *Founded by Marcus Aurelius over 2 000 years ago, Regensburg is one of the best-preserved of all European medieval cities, having escaped the bombing of World War II. It is the oldest city on the entire length of the Danube. The city's 12th- to 14th-century Patricians' Houses are architecturally fascinating. Don't miss the ancient Stone Bridge, cathedral and Neupfarrplatz, the heart of the city.*

**15:00** Ons boot vertrek vanaf **Regensburg**. Vanaand sit ons aan by die *Captain's Gala Farewell dinner*, met 'n spesiale opgegradeerde vyfgang-maaltyd.

**Dag 12: Saterdag, 12 April** → **PASSAU** → **MÜNCHEN** →

**06:00** Ons arriveer in **Passau.**

> *Passau is located at the confluence of three rivers, the Danube, Ilz and Inn. The city has been a bishopric for 1 200 years. St Stephen's magnificent Baroque-style cathedral houses the world's largest cathedral organ: it has 17 774 pipes! Liszt wrote his Hungarian Coronation Mass for this cathedral in 1857.*

Na 'n laaste heerlike ontbyt het ons nog 'n paar uur om Passau te geniet. Dan is dit tyd om die **MS Navibelle Princess** te groet en ons vertrek sak-en-pak na die München-lughawe vir ons terugvlug na Suid-Afrika. Op pad na die lughawe besoek ons München se bekende *Marienplatz,* met sy *Glockenspiel,* geleë in die hartjie van hierdie hoofstad van Bavaria.

Vanaand word aandete op ons vlug bedien.

**Dag 13: Sondag, 13 April** → **JOHANNESBURG /KAAPSTAD**

Vroegoggend word ontbyt op ons vlug bedien. Na 'n onvergeetlike ***Rynvaart-toer***, land ons in Johannesburg en Kaapstad.

## INGESLUIT BY DIE TOERPRYS:

- ✓ Internasionale vlugte in ekonomiese klas vanaf en na Johannesburg. Daar is 'n addisionele koste van **R1 750** vir die retoervlug vanaf en na Kaapstad.
- ✓ Lughawebelastings en brandstofheffings vir al die vlugte.
- ✓ Tien nagte *Drie Riviere Rynvaart* op die **MS Navibelle Princess**.
- ✓ Alle etes (ontbyt, middagete en aandete) aanboord die **MS Navibelle Princess.**
- ✓ 24-uur koffie/tee-stasie in die sitkamer.
- ✓ Gratis Wi-Fi in kajuite en alle openbare areas op die boot.
- ✓ Luukse *L'Occitane-en-Provence* (of soortgelyke) badkamerprodukte in al die kajuite.

- ✓ Verwelkomings- en afskeidsgeleenthede met wyne en sappe
- ✓ 'n Verskeidenheid internasionale TV-kanale via satteliet in al die kajuite.
- ✓ Komplimentêre fietse aanboord.
- ✓ Luukse busvervoer soos in die reisplan aangedui, met alle parkerings- en tolgelde.
- ✓ Vyf ekskursies (ter waarde van R5 900) met plaaslike Engelssprekende toergidse en toegangsgelde waar nodig na Keukenhof en in Keulen, Wurzburg, Bamberg en Nuremberg.
- ✓ Alle besigtiging soos in die reisplan uiteengesit.
- ✓ Die dienste van ervare toerleiers deurentyd.







***Aanboord die netjiese MS Navibelle Princess***



***Enjoy the Sun Deck's Lido-Bar, lounge chairs, small fun pool, giant Chess Board and Shuffleboard***


## <u>LET ASSEBLIEF OP DIE VOLGENDE:</u>

- Die toerkoste van **R48 990** is gebaseer op lugreisgelde en landreëlingskostes in Mei 2024. Dit is gebaseer op 'n wisselkoers van €1=R20 en is onderhewig aan wisselkoers-veranderings.
- Visumkoste van ± **R1 700** is nie ingesluit by die toerkoste nie. Ons sal help met almal se Schengen visum-aansoeke en die nodige dokumente aan almal verskaf.
- Die bybetaling vir diegene wat 'n enkelkajuit verlang is op aanvraag beskikbaar.
- Toerlede kan met bespreking reeds hulle voorkeur-kajuit bespreek.
- Toerlede kan opgradeer van 'n kajuit op die hoofdek (*Haydn-dek*) na die volgende opsies:
    - 'n kajuit op die middeldek (*Strauss*-dek) met "floor-to-ceiling sliding-glass doors with a French balcony" teen **R3 590** per persoon vir die elf-dae bootvaart.
    - 'n kajuit op die bo-dek (*Mozart*-dek) met "floor-to-ceiling sliding-glass doors with a French balcony" teen **R4 880** per persoon vir die elf-dae bootvaart.
    - Daar is ook twee suites van 22 m² beskikbaar teen 'n bybetaling van **R7 980** per persoon.

  Sien die grafiese uiteensetting van die verskillende dekke op die volgernde bladsy.
- Billike en omvattende groeps-reisversekering van ***TIC Europ Assistance*** is beskikbaar vir alle toerlede onder die ouderdom van 76 jaar teen **R390** vir die dertien dae (vir diegene bo 75 jaar is daar 'n bybetaling).
- Verpligte diensfooie van **R1 680** per persoon vir die bootvaart is nie ingesluit by die toerkoste nie.
- 'n Deposito van **R8 000** moet so gou as moontlik vereffen word om 'n plek op die toer te verseker.
- 'n Tweede deposito van **R7 000**, wat deur die bootmaatskappy vereis word, moet **voor 31 Oktober 2024** vereffen word.
- Die balans van die reisgeld moet **voor 11 Januarie 2025** vereffen word.
- Kredietkaart-betalings word ongelukkig nie aanvaar nie.

**HOE OM TE BESPREEK**:
Voltooi so gou as moontlik die besprekingsvorm en vrywaringsvorm en e-pos dit aan info@vandyktours.co.za.
Deposito's moet inbetaal word op (of oorgeplaas word na) die volgende rekening by
Nedbank: 119 1533 964 Tak: *George* Takkode: 198 765
Rekeninghouer: *Van Dyk Travel* Tipe rekening: Lopende/Besigheids Verwysing: RYNVAART/ en u van
Kontak die toerleiers, ***Gerhard of Renhard van Dyk***, vir enige verdere navrae:
*Tel nr:* 082 767 8400 *Faks nr:* 086 733 8987 *E-pos:* info@vandyktours.co.za

# MS NAVIBELLE PRINCESS




Toerlede kan met bespreking reeds hulle voorkeur-kajuitnommer (uit beskikbare kajuite) op die ***MS Navibelle Princess*** bespreek.
Kajuitnommers 101-114 op die **Haydn-dek**: geen bybetaling nodig nie
Kajuitnommers 201-234 op die **Strauss-dek** (met "floor-to-ceiling sliding-glass doors with a French balcony"): bybetaling R3 590 per persoon
Kajuitnommers 302, 304-336 op die **Mozart-dek** (met "floor-to-ceiling sliding-glass doors with a French balcony"): bybetaling: R4 880 per persoon
Suites 301 en 303 op die Mozart-dek: bybetaling: R7 980 per persoon

**VAN DYK TOERE**
**INNOVERENDE KWALITEIT SEDERT 1995**